HALLO HOOGLAND

11 Februarie 2024

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325

Baie Welkom by vanoggend se Erediens!

Daarmee saam ook spesiale welkom aan nuwe intrekkers en besoekers!

Mag jy tuis kom @ Hoogland!

Die leraar(s) wil jou graag ontmoet - kom maak asb. kennis na afloop van die erediens, voor in die kerkgebou!

Kontak gerus die kerkkantoor (of kyk @ www.pehoogland.co.za) sodat ons jou besonderhede kan kry en met jou kontak kan maak.

Hoogland Gebedsaksie

Onthou dat enige gebedsversoeke vertroulik met 'n *WhatsApp* boodskap gestuur kan word na 079 815 9325. Stuur gerus ook: "GEBED + jou naam & van" na hierdie nommer as jy deel van die gebedsaksie *WhatsApp* groep wil wees.

Program van die dag

09:00 Oggenddiens: Ds Sunell Ribbens
Vanoggend word *Danie Venter* in die amp as Kerkraadslid bevestig.
10:00 Geloofsvormingsgroepe in hulle onderskeie lokale

Deurkollekte: MTR Smit

Algemeen

Program vir die week:

Maandag: 12 Februarie
10:00 Gebedsaksie in die Gebedskapel
Dinsdag: 13 Februarie
14:00 Vrouebybelstudie
18:30 *Unlocking the Bible*–kursus
Woensdag: 14 Februarie
16:00 Aswoensdagdiens @ B'fontein
18:30 Aswoensdagdiens @ Kerkgebou
Vrydag: 16 Februarie
Ds Pieter Verjaar
05:15 Mannebediening in die Grot
18:00 Jeugaand: "*Movie Night*"

Dankoffers

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede
NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Koffie

Almal is welkom vir 'n lekker koppie koffie na afloop van die oggenddiens in die Voorhuis!
ONTHOU asseblief van u donasie vir hierdie lekker koffie wat u geniet!

Gemeentekamp

Die Hoogland-familie gaan weer kamp!

15 - 17 Maart 2024 te Innikloof (14 km buite Hankey)

Kostes beloop R125/volwassene per nag & R65/kind per nag
Bespreek by Leandra in die Kerkkantoor :

- Stuur 'n epos na - leandra@pehoogland.co.za
- Skakel Leandra in die kantoor - 041 367 1485
- Stuur 'n *Whatsapp* - 079 815 9325 met jou naam & kampbespreking

Bewys van betaling kan gestuur word na leandra@pehoogland.co.za met verwys KAMP+ jou naam. (Betalings eers vanaf 1 Maart 2024 asseblief).

Gemeente Bybelstudie begin Woensdag, 21 Februarie met nuwe materiaal oor ***Padtekens van die lewe***! Kom reis gerus saam Woensdagoggende om 10:00. Almal is welkom!

Lydenstyd 2024

Wat is Lydenstyd?

Lydenstyd is die 40-dae tydperk vanaf Aswoensdag (komende Woensdag, 14 Februarie) tot die dag voor Opstandingsondag. Die Sondae in hierdie tyd word nie getel nie, wat dan by 40 dae uitkom - 'n tydperk wat ook herinner aan die aantal dae wat Jesus in die Woestyn deurgebring het.

Die 40-dae tydperk voor Opstandingsondag is reeds in die jaar 313 n.C. as amptelike viering op die Christelike kalender aangedui. Dit is tradisioneel 'n tyd van geestelike vernuwing in die lewe van gelowiges, asook `n tyd van selfondersoek en die inoefen van geloofsgewoontes soos vas, bid en om ander te dien. Dit berei ons voor vir Paasfees wat elke jaar die hoogtepunt van die kerklike jaar is.

Hoe vier Hoogland Paasfees?

- ROOI Lappe: ons getuienis in die wêreld word duidelik deur `n rooi lap om `n boom voor jou huis, pilaar in die muur of sommer die hek te bind. (Rooi lappe is Sondag in die voorportaal beskikbaar @R30 elk.)
- ASWOENSDAG: ons vier die begin van Lydenstyd met die tekens van die as en nagmaal wat bedien word:

  16:00 Aswoensdagdiens & Nagmaal @ B'fontein Kapel
  18:30 Aswoensdagdiens & Nagmaal @ Kerkgebou

- VAS: om iets op te gee (soos koffie, sosiale media, vleis, ens.) help om onsself te dissiplineer en dien as herinnering dat ons in die voorbereidingstyd is.
- SONDAE in Lydenstyd: Reis Lig^2

  Tydens die Sondae in Lydenstyd fokus Hoogland daarop om 1) ligter te reis deur die lewe, en 2) om lig te skyn op ons elkeen se lewensreis. Lydenstyd is juis 'n tyd van bietjie minder maak in ons lewe. Dalk is die minder-maak hierdie jaar net eenvoudig omdat daar te veel *goeters* is. Definitief is ons mindermaak ook om tasse vol bagasie agter te los, sodat ons ligter kan leef.

Uit die hart ...

Ons sluit vanoggend die Sondae van Epifanie af. Woensdag is Aswoensdag en volgende Sondag begin ons met die Lydensondae. Hierdie oorgangsondag staan bekend as die Sondag van Verheerliking.

Sondag van Verheerliking het volgens oorlewering sy ontstaan aan Saint Gregorius wat van 257 n.C. tot 331 n.C. geleef het, te danke. Gregorius was die hoof van die Armeense Kerk en het Armenië in 301 n.C. vanuit die heidendom tot die Christelike geloof gelei. Armenië was ook die eerste nasie wat die Christelike geloof as hulle amptelike geloof erken het.

Gregorius het, volgens oorlewering, die heidense fees, *Vartavarh* (roosvlam) vervang met die Fees van Verheerliking en probeer om iets van die oorspronklike betekenis te herinterpreteer:

Christus se heerlikheid is op die berg van verheerliking ge-open soos 'n pragtige roos.

Tydens Verheerlikingsondag herdenk ons Jesus se verheerliking op die berg en ons dink na oor hoe ons Hom kan verheerlik, loof en prys vir wie Hy is en vir al sy liefde wat Hy ons gee. Een van die maniere waarop ons Jesus kan verheerlik, is om al meer soos Hy te word. *Geloof deur liefde tot dade*. In die 2de brief aan die Korinte gebruik Paulus *vyf metafore* om te vertel hoe ons dit kan doen:

1. Wierook of lekker-ruik parfuum in 2 Korintiërs 2: 14-15: Jesus is die koning en ons bring hom eer deur ons lewe vir Hom te gee en dankbaar te wees.
2. 'n Brief in 2 Korintiërs 3: 1-3: Ons lewe en dade is 'n brief wat ander mense lees oor Jesus.
3. 'n Spieël in 2 Korintiërs 3: 18: Ons is 'n spieël wat Jesus se liefde weerspieël en reflekteer.
4. 'n Lig in 2 Korintiërs 4: 5-6: Ons bring Jesus se lig aan ander deur ons woorde en getuienis.
5. 'n Kleipot in 2 Korintiërs 4: 7: Al is ons dalk 'n kleipot wat maklik breek, is daar 'n skat in ons.

Vanoggend as ons aan die einde van Epifanie kom en op die drumpel staan om Lydenstyd in te gaan:

- Watter beeld of metafoor praat vanoggend met jou of het vir jou betekenis en hoekom?
- Hoe kan jy hierdie week Jesus verheerlik in jou alledaagse lewe?

Groete... ds Sunell